

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 6

Inleiding

Die hoofstuk begin dadelik openbaar dat die Lam die eerste ses seëls los/oopmaak.

Daarna kom hoofstuk 7 met twee verskillende gesigte.

In hoofstuk 8 word die sewende seël oopgemaak. Toe dit gebeur, verskyn daar sewe engele wat elkeen 'n basuin het.

Die laaste een blaas sy basuin in hoofstuk 11:15 – waarmee hy die oordeelsdag aankondig.

En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. En die vier en twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê: (Openbaring 11:15-16 AFR1953)

Tog het die oordeelsdag inderdaad al tydens die oopmaak van die sesde seël begin.

En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; (Openbaring 6:12-14 AFR1953)

- Die *eerste vier* seëls vorm 'n groep wat saamhang. Hulle openbaar wat alles op die aarde aan die gang was in die verkondiging van die evangelie.
- Die *vyfde seël* gryp dan in die hemel in om te openbaar dat die mense wat op aarde doodgemartel is oor die evangelie wel hulle tuiste by God gevind het!
- Die *sesde seël* trek die verloop van die tyd deur tot by die jongste dag.

Om die verskyning en betekenis van die verskillende perderuiters te verstaan, moet ons ook die gesigte van Sagaria hiermee saam verklaar – want dis dieselfde openbaring van dieselfde God! (Sagaria 1:8-17 en 6:1-8)

- In Sagaria se naggestigte gaan dit ook oor die oorwinning van God se saak.
- Die oorwinning word in Sagaria se gesigte ook bewerk deur die Gees van God Sagaria 6:5, 6, 8.

En die engel het geantwoord en vir my gesê: Dit is die vier winde van die hemel wat uitgaan nadat hulle hul gestel het by die Here van die ganse aarde. (Sagaria 6:5 AFR1953)

Dié met die swart perde, trek uit na na die land van die noorde, en die wittes trek uit agter hulle aan; en die bontes trek uit na die land van die suide. (Sagaria 6:6 AFR1953)

Toe het Hy my geroep en aan my dit gesê: Kyk, die wat uittrek na die land van die noorde, hulle bring my Gees tot rus in die land van die noorde. (Sagaria 6:8 AFR1953)

- Hy doen dit deur oorloë en rampe wat deur verskillende kleure perde voorgestel word – dieselfde soos in die boek Openbaring.

- Die feit dat die boek Openbaring die wit perd eerste noem en die profeet Sagaria dit laaste noem, maak geen wesentliche verskil aan die openbaring van God self nie.
 - Sagaria profeteer eers oor die stryd wat plaasvind, waarop die oorwinning behaal word – want die Here Jesus moes toe nog kom!
 - Openbaring wys eers op die oorwinning en dan oor die stryd wat volg – want die Here Jesus het klaar die oorwinning behaal!

Vers 1

En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!
(Openbaring 6:1 AFR1953)

Die Lam het nie die boekrol ontvang net maar om

- dit te besit,
- of dit te lees/bestudeer,
- of om dit bekend te maak nie.

Hy het dit ontvang om die inhoud te verwerklik.

Daarom sien Johannes hoe die Lam die eerste seël oopmaak.

Onmiddellik roep een van die vier lewende wesens Johannes nader dat hy moet kom kyk.

- Die vier lewende wesens tree elke keer op wanneer een van die eerste vier seëls los/oopgemaak word.
- Die rede is voor die hand liggend: Dit gaan in die eerste vier seëls elke keer oor dit wat in die skepping gebeur – dit raak hulle dus, want hulle verteenwoordig die skepping.

. . . een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag . . .

Die lewende wese het 'n geweldige stem.

- Dit daver soos 'n donderslag deur die heelal.
- Die krag van hulle stem vestig die hele skepping se aandag daarop dat die Lam nou 'n stuk van die geskiedenis in God se Raadsplan tot verwerkliking gaan laat kom.

NB: Teksfout!

In die 1933/53 vertaling lees die teks: **Kom kyk!**

Dit is waarskynlik 'n verkeerde lesing.

- As daar staan: **Kom kyk!** bedoel dit dat Johannes moet kom kyk. Maar Johannes staan klaar in die hemel en hy kyk ook al klaar – dis dan wat hy besig is om te doen!
 - Hierdie lesing word deur 'n enkele teks gesteun.
- Die oorgrote meerderheid tekste het net die lesing: **Kom!**
 - Dit beteken dat die oproep dan betrekking het op dit wat uit die los/oopmaak van die eerste seël moet kom. Die verskillende perde *moet verskyn*.
 - Daar is ook vertalings wat hierdie teks vertaal met: **Gaan uit!** Dit kan natuurlik in hierdie verband goedsikks so gebeur, want die perderuiters gaan inderdaad uit en begin hardloop.

Vers 2

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin. (Openbaring 6:2 AFR1953)

Met verstomming sien Johannes 'n wit perd wat verskyn. Ons dink gewoonlik aan 'n perd as 'n werkdier, byvoorbeeld om mee te ploeg, of as 'n rydier, of as 'n dier waarmee mens byvoorbeeld aan wedrenne deelneem.

- In die boek Openbaring – soos in die hele Bybel – is 'n perd meestal 'n oorlogsdier.
- Vergelyk hiervoor die volgende tekste in die Ou Testament:

en het gesê: Nee, maar op perde sal ons vlieg—daarom sal julle moet vlug! en: Op renperde sal ons ry—daarom sal julle vervolgers laat jaag!
(Jesaja 30:16 AFR1953)

Wee hulle wat na Egipte aftrek om hulp en hulle verlaat op perde, en wat vertrou op strydwaens, omdat daar baie is, en op ruiters, omdat hulle baie talryk is, maar hulle sien nie op die Heilige van Israel en hulle soek nie die HERE nie. (Jesaja 31:1 AFR1953)

Want Farao se perd, met sy strydwaens en sy ruiters, het in die see ingegaan, en die HERE het die waters van die see oor hulle laat terugkom. Maar die kinders van Israel het binne-in die see op droë grond getrek.
(Eksodus 15:19 AFR1953)

Die perd help niks vir die oorwinning en red nie deur sy groot krag nie.
(Psalm 33:17 AFR1953)

Die perd word reggemaak vir die dag van die geveg, maar die oorwinning is deur die HERE. (Spreuke 21:31 AFR1953)

- Tekste in die Nuwe Testament:

En die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is, en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense.
(Openbaring 9:7 AFR1953)

En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, twee honderd myl ver.
(Openbaring 14:20 AFR1953)

en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesiele. (Openbaring 18:13 AFR1953)

Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.
(Openbaring 19:11 AFR1953)

Omdat die Here se kerk (uiteindelik) 'n vredesvolk moet wees, het die Here die Israeliete op pad na Egipteland toe verbied om met perde te teel.

Hy mag net nie vir hom baie perde aanskaf nie, en hy mag die volk nie na Egipte teruglei om baie perde aan te skaf nie, aangesien die HERE vir julle gesê het: Julle mag nooit meer teruggaan op hierdie pad nie. (Deuteronomium 17:16 AFR1953)

Soos ons mense mos nou maar is, het hulle toe nie na die Here geluister nie!

En Dawid het van hom duisend sewe honderd perderuiters afgeneem en twintig duisend man voetgangers, en Dawid het al die trekperde se hakskeenseninge afgesny, maar honderd trekperde daarvan laat oorbly. (2 Samuel 8:4 AFR1953)

En Salomo het strydwaens en perderuiters versamel, sodat hy veertien honderd waens en twaalf duisend perderuiters gehad het; en hy het hulle in die stede vir die waens en by die koning in Jerusalem opgestel. (2 Kronieke 1:14 AFR1953)

Hierdie perd wat te voorskyn kom toe die eerste seël oopgemaak/losgemaak word, is 'n wit perd.

. . . daar was 'n wit perd.

Soos in Sagaria 1 en 6 dui die kleur van die perd die werk aan wat die ruiter op die perd doen.

En hy wat daarop sit, het 'n boog;

Hierdie ruiter het nie 'n *swaard* gehad nie. Hy het 'n *boog*.

- 'n Swaard is 'n wapen wat die onafwendbaarheid van die dood simboliseer.
- 'n Boog is 'n wapen wat kan doodmaak,
 - maar wat die simbool weergee dat dit tref.
 - Dit kan oor 'n lang afstand die teiken bereik en sy letsel laat.
- Die evangelie is soos 'n pyl en boog wat die hart van die mens tref wat vir die Lam gewen word.
- In dié geval is die pyl deur die hart nie tot die ewige dood nie, maar tot die ewige lewe.

Die simbool van die wit perd met sy ruiter is die evangelie van die Here Jesus Christus wat seëvierend oor die aarde trek!

- So ver die wit perd hardloop, word nuwe oorwinnings behaal –
- totdat dit sy volheid oor die hele aarde bereik.

en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.

Die ruiter het, behalwe die boog, ook nog 'n oorwinnaarskroon (*stefanos*). Dit is klaar die teken/openbaring/seël van sy oorwinning.

- Omdat tyd en ewigheid saamsmelt, daarom word die Oorwinnaar reeds by voorbaat as Oorwinnaar gekroon.
- Die res van die sin stel die saak van die oorwinning geweldig sterk (in die Grieks). Letterlik staan daar:
. . . en aan Hom is 'n oorwinnaarskroon gegee, terwyl Hy oorwinnende uitgegaan het om te oorwin!
- Die gedagte van **oorwin** word dus so sterk as moontlik gestel en beklemtoon.

Uit die teks is dit duidelik dat daar nie een oomblik was wat die Lam nie oorwin het, en ook nie besig was om te oorwin nie – totdat Hy uiteindelik finaal oorwin het. Daar was geen (noemenswaardige) teenstand wat Hy iewers raakgeloop het in sy oorwinningsveldtog nie.

Let wel!

- Die feit dat die oorwinnaarskrans reeds by voorbaat aan Hom gegee word, openbaar ook die Goddelike beskikking ten opsigte van hierdie oorwinning!
- God beskik en besluit reeds vooraf op die oorwinning en daarom gebeur dit inderdaad ook so!

Vers 3 en 4

En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk!
(Openbaring 6:3 AFR1953)

En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee. (Openbaring 6:4 AFR1953)

Toe die tweede seël oopgemaak word, is die tweede lewende wese aan die woord.

- Hy gee dieselfde bevel as die eerste lewende wese toe die eerste seël los/oopgemaak is: **Kom!** (Gaan!)
- Weer 'n keer kom daar 'n perd op. Die keer 'n rooi perd. NB: 'n *Vuurrooi* perd!

Rooi is die teken van bloed!

- Die vuurrooi teken letterlik die vuur en angs wat uit hierdie geweldige bloedstorting gaan kom!
- Die mense gaan mekaar verskriklik wreed en bloeddorstig slag!

Die rooi kleur is die simbool van oorlog en haat.

- Dit word duidelik in die opdrag wat aan die ruiter van hierdie perd gegee word.
 - Hy kry 'n opdrag om alle vrede te vernietig!
 - Hy kry 'n swaard – 'n doodmaakwapen!
 - Die swaard is ook nie sommer net enige swaard nie – dis 'n **groot** swaard!
 - Sy swaard gaan geweldig wees en baie baie skade aanrig!

Let op hoe wyd is die opdrag:

. . . is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem . . .

- Hy moet onvrede oor die hele aarde bewerk – nie net hier of daar nie!
- Die onvrede is nie net sommer familierusietjies dat mense vir mekaar dik word en 'n ruk lank nie met mekaar praat nie!
 - Hulle gaan mekaar uitmoor!

. . . en dat hulle mekaar sou doodmaak!

Die Here praat hier van geweldige oorloë wat baie mense oor die hele aarde gaan doodmaak.

- Die gesig verwys nie noodwendig net na een enkele oorlog nie – dit verwys na oorlog in sy geheel.
- Dit vat al die oorloë deur die eeue saam – maar dan veral met die toenemende intensiteit wat dit het hoe nader die einde kom.
- Uiteindelik sien hierdie oorlog ongetwyfeld op die funksie wat oorlog aan die einde van die tyd gaan hê as die duiwel en sy magte dit gaan gebruik om daarmee die loop van die evangelie te stuit!

Hiervan weet ons ook al eerder, want terwyl die Here Jesus op die aarde was, het Hy al gesê dis waarvoor Hy gekom het!

Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. (Matteus 10:34 AFR1953)

Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, maar eerder verdeeldheid. (Lukas 12:51 AFR1953)

Maar die een broer sal die ander tot die dood oorlewer en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak.

(Matteus 10:21 AFR1953)

En wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie skrik nie; want dié dinge moet eers plaasvind, maar dit is nie dadelik die einde nie. (Lukas 21:9 AFR1953)

Hierdie openbaring wat Johannes sien bevestig dus die profesieë wat hy met sy eie ore by die Here Jesus gehoor het. Hy sien die vervulling daarvan!

- Wat vir Johannes in die openbaring duidelik word, is *dat God oor hierdie dinge beskik!*

- Daar staan twee keer geskryf: **is dit gegee**
 - Dit beteken duidelik dat God dit so in sy ewige en onveranderlike raad besluit het en nou word dit so in die gang van die geskiedenis vervull!
- Wanneer die Lam die tweede seël oopmaak, beskik Hy dat die vrede weggeneem word.
 - Hy skep geleentheid dat oorloë uitbreek.
 - Vergelyk hiervoor die volgende:

Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie. (Deuteronomium 32:39 AFR1953)

. . . wat die lig former en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen. (Jesaja 45:7 AFR1953)

Dis waarom ons in die Heidelbergse Kategismus leer dat geen skepsel (dus ook die duiwel!) hom kan roer of beweeg as die Here dit nie bewillig nie!

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: *Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).*

(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4. (d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.

Vers 5 en 6

En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. (Openbaring 6:5 AFR1953)

En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie. (Openbaring 6:6 AFR1953)

Die derde lewende wese roep die volgende perd te voorskyn.

. . . en die derde lewende wese het 'n gesig gehad soos 'n mens, (Openbaring 4:7 AFR1953)

Is dit hierdie spesifieke lewende wese wat die lyding oor die mensdom aankondig?

Toe die derde seël oopgemaak word, verskyn daar 'n swart perd. Soos die vorige perde begin hierdie perd ook met sy vaart oor die aarde.

Swart is die kleur van:

- Honger
- Bekommernis
- Rou
- Dood

Vergelyk hiervoor die volgende uitsprake in die Bybel:

My vel het swart geword en val van my af, en my gebeente gloei van hitte. (Job 30:30 AFR1953)

So sê die Here HERE: Op die dag toe hy na die doderyk neergedaal het, het Ek laat treur: Ek het om sy ontwil die watervloed oordek en die strome daarvan teruggehou, sodat die groot waters gestuit is; en Ek het om sy ontwil die Libanon in swart gehul, en al die bome van die veld het gesmag om sy ontwil.

(Esegiël 31:15 AFR1953)

Ons vel gloei soos 'n oond vanweë die gloed van die honger.

(Klaagliedere 5:10 AFR1953)

(42:10) Ek wil spreek tot God: My rots, waarom vergeet U my? Waarom gaan ek in die rou deur die vyande se verdrukking? (Psalm 42:9 AFR1953)

Ons loop die **swart perde** en die **kleur swart** meer kere in die Bybel raak! Vergelyk die volgende aantal verse in die Bybel:

Voor hulle bewe die aarde, sidder die hemel; die son en die maan word swart, en die sterre trek hulle glans in. (Joël 2:10 AFR1953)

Voor die eerste wa was bruin perde, en voor die tweede wa swart perde,
(Sagaria 6:2 AFR1953)

Dié met die swart perde trek uit na die land van die noorde, en die wittes trek uit agter hulle aan; en die bontes trek uit na die land van die suide.

(Sagaria 6:6 AFR1953)

En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; (Openbaring 6:12 AFR1953)

Die ruiter op die perd wat na die oopmaak van die derde seël verskyn, dra 'n weegskaal in sy hand.

- Daardie weegskaal is die simbool van oordeel en geregtigheid wat groot rampe veroorsaak oral waar hierdie ruiter aandoen.
- Die prysvasstelling en rantsoenering wat in vers 6 aangekondig word, beklemtoon die ellendes wat deur die ruiter op hierdie swart perd aangerig gaan word.

Twee dinge staan uit:

- Die dinge wat uitgemeet word, word in die heel kleinste mate uitgemeet.
- Die prys is ontsettend duur.

Die geldstuk wat in die oorspronklike teks genoem word, is 'n **denari**. Dit is dieselfde geldstuk as 'n **penning**.

- Dit is 'n Romeinse geldstuk – wat seker nog in gebruik was toe Johannes die Openbaringboek neergeskryf het.
- Ons lees daarvan in Matteus 20:2:
En nadat hy met die arbeiders ooreengekom het vir 'n penning op 'n dag, stuur hy hulle in sy wingerd. (Matteus 20:2 AFR1953)

Uit hierdie vers lei ons af dat 'n dagloner 'n penning as betaling ontvang vir 'n dag se werk. Wat kon 'n man koop met dié stukkie geld in sy hand?

- Hy kon **een rantsoen koring** koop!
 - Dit word algemeen aanvaar dat 'n penning net genoeg was om genoeg koring te koop vir een mens om vir een enkele dag daarvan kos te maak (kos vir een mens = een maaltyd).
 - 'n Man kan dus nie met hierdie geld vir 'n gesin kos (koring) koop nie. Hy kan net vir homself – of vir een van sy gesinslede sorg.
- As hy nie wil (kan?!) koring koop nie, kan hy **drie rantsoene gars** koop.

- Hiermee kon hy waarskynlik meer kos maak, maar net die heel armstes onder die armes (dus ook soldate!) het gars geëet.

En toe Gideon aankom, vertel 'n man aan 'n ander juis 'n droom en sê: Kyk, ek het 'n droom gehad: Daar rol 'n hard gebakte garsbrood in die laer van die Midianiete en kom tot by die tent en slaan dit dat dit omval en keer dit onderstebo, en toe lê die tent daar! (Rigters 7:13 AFR1953)

Hier is 'n seuntjie wat vyf garsbrode en twee vissies het, maar wat is dit vir so baie mense? (Johannes 6:9 AFR1953)

Hulle maak toe bymekaar en het twaalf mandjies gevul met brokstukke van die vyf garsbrode wat oorgesiet het by die wat geëet het. (Johannes 6:13 AFR1953)

En daar het 'n man van Baäl-Salisa gekom en vir die man van God eerstelingsbrode, twintig garsbrode, en vars graan in sy mandjie gebring. En hy het gesê: Gee vir die mense, dat hulle eet.

(2 Konings 4:42 AFR1953)

En as garskoeke moet jy dit eet en dit op die mis van mensedrek bak voor hulle oë. (Eségiël 4:12 AFR1953)

- Gars was dierevoer!

En die gars en die strooi vir die perde en die renperde het hulle gebring op die plek waar dit moes wees, elkeen volgens sy orde.

(1 Konings 4:28 AFR1953)

Hierdie gedeelte in die Bybel maak dit duidelik dat daar *langdurige tye* van geweldige kosskaarste gaan aanbreek! Dus:

- Hongersnood!
- Ontbering!

. . . en moenie die olie en die wyn beskadig nie.

Waarom mag die olie en die wyn nie beskadig word nie? Omdat dit weeldeartikels is. Dis dinge wat die lewe aangenaam maak. Dis ook as medisyne gebruik.

. . . en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakkier gehelp en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg. (Lukas 10:34 AFR1953)

Die twee artikels mag dus nie by die verdruktes uitkom nie.

- Dit sal hulle lyding verminder – en dit mag nie gebeur nie.
- Die opdrag van die ruiter op die swart perd is dat hy alle soorte ellendes moet bewerk en laat voortduur.

Wie mag dan wel die olie en die wyn gebruik?

- Sal daar rykes (magtiges?!) wees wat die massas mense gaan verdruk en onderdruk, terwyl hulleself in oorfloed lewe?
- Het ons tans voorbeelde daarvan in die moderne lewe?

In vers 6 kom daar 'n stem wat opklink tussen (presies in die middel van) die vier lewende wesens. Wie is dit wat praat?

- Dalk een van die vier lewende wesens? Dis nie waarskynlik nie, want dan kan die stem nie tussen (presies in die middel van) die vier opklink nie!
- Is dit die Lam self wat aan die woord is? Vergelyk hoofstuk 5:6:

En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die mitte van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.

(Openbaring 5:6 AFR1953)

- Of is dit God wat aan die woord is? Vergelyk hoofstuk 4:6
en voor die troon was daar 'n see van glas soos kristal, en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter. (Openbaring 4:6 AFR1953)

Dit is nie werklik belangrik of dit God of die Lam is wat praat nie, want die bevel wat Hy gee, is met gesag – dit moet gehoorsaam word, en dit word nagekom!

Vers 7, 8

En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! (Openbaring 6:7 AFR1953)

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde. (Openbaring 6:8 AFR1953)

Hoe lyk die vierde lewende wese? Is dit spesifiek hy wat nou die bevel in die Naam van die Lam uitroep dat die vierde perd te voorskyn moet kom?

. . . en die vierde lewende wese was soos 'n arend wat vlieg.
(Openbaring 4:7 AFR1953)

Die kleur van hierdie perd is lelik. Die letterlike betekenis van die woord is: *geelagtig, geelgroen*. In Afrikaans vertaal ons die kleur met *vaal*.

Vir die eerste keer is daar 'n redelik volledige beskrywing van die ruiter van die perd.

- Hy sit op die perd en hy het 'n naam!
- Sy naam is **die dood**.
 - Die feit dat hy so 'n verskriklike naam het, beteken dat hierdie ruiter op 'n ontroerende en ontstellende manier dood en ellendes gaan bewerk.
 - Die omvang van die dood wat bewerk gaan word, is ook baie omvangryk.
 - Hy laat verwoesting en grafte agter oor 'n kwart van die aarde! Dink aan die miljoene der miljoene mense wat dood agter hierdie ruiter oor die aarde rondlê.
- Hy maak dood op verskillende maniere:
 - Hy maak dood deur die swaard – dit beteken dat hy doodmaak met oorlog, gevegte, rusies en twis.
 - Maar hy maak ook dood met honger – dit is deur honger, uitputting en ellendes.
 - Hy gaan dinge soos misoeste en swak markpryse (te hoog en te laag!) en besighede wat ondergaan en nie inkomste oplewer nie, gebruik om te maak dat daar nie kos op die tafels is nie.
 - Hy maak ook dood deur dodelike siektes, pes en allerhande soorte onheile!

Al hierdie dinge dra by dat die evangelie uiteindelik sy oorwinningstog tot op die finale oorwinning kan uitvoer.

Hoe? Die antwoord is redelik eenvoudig:

- Al hierdie slegte dinge wat oor die hele aarde gebeur, gryp die harte van die mensdom aan.

- Hulle kom op 'n punt waar 'n groot vrees en benoudheid op hulle toesak oor al die ellendes wat met hulle en rondom hulle gebeur.
- Dit laat hulle beseft dat al die strukture en kennis wat die mensdom uitgewerk en opgebou het, geen uitkoms gee nie.
- Dit is dan wanneer hulle die punt bereik waar hulle die Here se genade aangryp.
 - Hierdie genade leer hulle ken uit die verkondiging van die evangelie – dit wat deur die Ruiter op die wit perd gedoen word!

Natuurlik kom hierdie bekering nie by almal voor nie! Soms is die uitwerking van swaarkry presies die teenoorgestelde! Dink hier maar aan Jesaja 8:21-22:

Dan sal hulle deur die land trek, beswaard en honger; en as hulle honger het, sal hulle in toorn uitbreek en hulle koning en hulle God vloek; dan sal hulle na bo kyk, ook die aarde aanskou, en kyk, daar sal benoudheid en duisternis wees! In jammernag en donkerheid is hulle gedrywe. (Jesaja 8:21-22 AFR1953)

Maar vir die mense – dié vir wie dit saak maak (die uitverkorenes) – gebeur die dinge reg:

omdat hulle wederstrewig was teen die woorde van God en die raad van die Allerhoogste verwerp het, het Hy hulle hart deur moeite verneder; hulle het gestruikel, en daar was geen helper nie. Toe het hulle die HERE aangeroep in hul benoudheid; uit hul angste het Hy hulle verlos. (Psalm 107:11-13 AFR1953)

Die Bybel maak dit duidelik dat druk en lyding die gelowige tot geloof en gehoorsaamheid beweeg:

Hulle hart is ongevoelig soos vet; maar ék verlustig my in u wet. Dit is goed vir my dat ek verdruk was, sodat ek u insettinge sou leer. (Psalm 119:70-71 AFR1953)

Al die verskillende perde (behalwe natuurlik die wit perd) maak dit duidelik dat die verkondiging van die evangelie op verskillende terreine teenstand gaan kry deur die verloop van die geskiedenis. Die evangelie veroorsaak ook juis allerhande struweling en oorloë.

- Die ongelowiges gaan die Here verwerp oor al die lyding –
- terwyl die gelowiges juis daardeur in die kring van God se genade-lik inskuif.

Oral waar die evangelie van die Lam teëgestaan of verwerp word, daar kom die Here met oordele.

- Die oordele is gedeeltelik al die straf op diegene wat nie tot bekering wil kom as hulle die evangelie hoor nie.
- Andersyds is die strawwe van die Here inderdaad die middele wat die wat die ware evangelie aanneem, tot bekering bring.

Vers 9

En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. (Openbaring 6:9 AFR1953)

Met die oopmaak van die vyfde seël gaan dit nog steeds oor die verkondiging en voortgang van die evangelie.

- Hierdie seël openbaar hoe van die gelowiges op die aarde behandel word as hulle deelneem aan die evangelie se segevaart oor die aarde!
- Sommiges van die wat tot die ware geloof kom en daarvan getuig, word wreed doodgemaak.
- Nogtans oorwin hulle, want hulle kom tuis voor die troon van die Here waar hulle by die altaar van die Here diens doen.

Daarmee openbaar die Here dat die evangelie van die Here Jesus dus ook oorwin!

Die sesde seël (wat volg!) openbaar wat die Here met diegene gaan doen wat die gelowiges so gemartel en doodgemaak het omdat hulle in die Here glo! Die Here tree dan vir die doodgemarteldes in en veroordeel die verwerpers en vervolgers van sy evangelie.

Die vorige seëls het geopenbaar wat in al die lande van die wêreld en onder al die volke gaan gebeur.

Hierdie vyfde seël openbaar dat daar allerhande teëstand teen die evangelie was.

- Dis nie so dat almal net die ellendes wat deur die ongeloof gekom het goedsmoeds aanvaar het nie.
- Daar was gelowiges wat hulle daarteen verset het.
- Hulle is meedoënloos doodgemartel.

. . . sien ek onder die altaar . . .

Die dekor wat Johannes in die hemel gesien het, word nou sorgvuldiger beskryf.

- Daar is 'n altaar.
- Tot nou toe het ons nog niks daarvan gehoor nie.

Oor die altaar moet ons twee dinge onthou:

1. In hoofstuk 4 was dit al duidelik dat Johannes dit wat hy in die hemel sien, met beelde beskryf wat dit laat ooreenkom met die tabernakel wat in die woestyn onder Israel was. Ons kry die beeld daarvan weer terug in hoofstuk 7:15:

Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.

(Openbaring 7:15 AFR1953)

2. In die tabernakel en in die tempel op aarde was daar *twee altare*! Die boek Openbaring praat net van een altaar! Vir die twee altare in die Ou Testament, vergelyk die volgende verwysings:

En hy het die *goue altaar* in die tent van samekoms neergesit, voor die voorhangsel, en reukwerk van speserye daarop aan die brand gestee, soos die **HERE Moses beveel het. Hy het ook die bedekking van die ingang van die tabernakel opgehang. En hy het die *brandofferaltaar* by die ingang van die tabernakel van die tent van samekoms neergesit, en hy het daarop die brandoffer en die spysoffer gebring, soos die **HERE** Moses beveel het.**

(Eksodus 40:26-29 AFR1953)

Verder het hy 'n koperaltaar gemaak; twintig el was sy lengte en twintig el sy breedte en tien el sy hoogte. (2 Kronieke 4:1 AFR1953)

En Salomo het al die voorwerpe gemaak wat in die huis van God was: die *goue altaar* en die tafels waar die toonbrode op moes lê, (2 Kronieke 4:19 AFR1953)

Teenoor die twee altare wat ons in die Ou-Testamentiese godsdiens raakloop, openbaar die boek Openbaring duidelik net **een** altaar.

- Dit word ook beklemtoond aangedui as **die** altaar!
- Die altaar speel 'n sentrale rol in die openbaring wat Johannes by die Here kry, want daar kom 'n hele paar verwysings na hierdie altaar voor in die boek Openbaring:

En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.

(Openbaring 11:19 AFR1953)

En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; (Openbaring 8:3 AFR1953)

En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing. (Openbaring 8:5 AFR1953)

En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, (Openbaring 9:13 AFR1953)

. . . en 'n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekom en met 'n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword. (Openbaring 14:18 AFR1953)

En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele. (Openbaring 16:7 AFR1953)

Skrifverklaarders wys daarop dat die een altaar in Openbaring in 'n sekere sin dubbele diens verrig:

- Soms dien dit dieselfde doel as wat die *brandofferaltaar* in Israel se geskiedenis gedien het – byvoorbeeld in die openbaring van die inhoud van die vyfde seël.
- In hoofstuk 8:3 en 5 dien dit weer dieselfde doel as wat die *goue reukaltaar* gedien het.

Johannes gebruik die woorde

. . . onder die altaar . . .

Dit is bloot 'n idiomatiese segswyse. Dit beteken in ons praatafrikaans: by die voet van die altaar.

Wat soek hulle daar?

- Israel moes die bloed van die offerdiere by die voet van die altaar uitgooi.

Dan moet jy van die bloed van die bul neem en dit met jou vinger aan die horings van die altaar stryk; en al die orige bloed moet jy aan die onderkant van die altaar uitgiet. (Eksodus 29:12 AFR1953)

Ook moet die priester van die bloed stryk aan die horings van die altaar van die reukwerk van speserye, wat in die tent van samekoms is, voor die aangesig van die HERE; en hy moet al die orige bloed van die bul uitgiet aan die onderkant van die brandofferaltaar wat by die ingang van die tent van samekoms is; (Levitikus 4:7 AFR1953)

- Hierdie mense wat ter wille van hulle geloof doodgemartel is, word in hierdie beeld so voorgestel dat hulle bloed – soos die van die offerdiere van die Ou Testament – teen die altaar se voet uitgegooi is!
- Die bloed is egter die verteenwoordiger van die hele mens!

Bly daar net vas by dat jy die bloed nie eet nie, want die bloed is die siel, en jy mag die siel nie saam met die vleis eet nie. (Deuteronomium 12:23 AFR1953)

Want die siel van die vleis is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel. (Levitikus 17:11 AFR1953)

. . . want wat die siel van alle vleis aangaan, sy bloed is met sy siel verbind. Daarom het Ek aan die kinders van Israel gesê: Julle mag die bloed van enige vleis nie eet nie, want die siel van alle vleis is sy bloed; elkeen wat dit eet, moet uitgeroei word. (Levitikus 17:14 AFR1953)

Wat dink die Here van die mense wat doodgemartel is oor hulle geloof?

- Hy sê dat hierdie mense hulle lewens in sy diens en in diens van sy Woord verloor het.

- Daarom sien Hy hulle as bloedgetuies – hulle is geslag vir Hom terwyl hulle vir Hom getuig het.
- Vergelyk hiervoor ook:

En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie. (Openbaring 12:11 AFR1953)

Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus. (Openbaring 1:9 AFR1953)

Juis omdat hierdie mense selfs met die verlies van hulle lewens nie hulle geloof wou verloën nie – maar tot die einde toe getuienis bly gee het, verbind die Here hulle aan die altaar. Dit simboliseer die verband tussen hulle dood en hulle diens aan die Here.

Vers 10

En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? (Openbaring 6:10 AFR1953)

. . . met 'n groot stem uitgeroep . . .

Daardie mense skreeu hard! Waarom? Die Here is mos nie doof nie?

- Dit beeld die skok uit waarmee hulle lewens op die aarde tot 'n einde gemaak is!
- Die beeld ook die (siels)pyn uit wat hulle ly oor die onreg wat hulle aangedoen is dat hulle ter wille van die waarheid doodgemaak is.
- Die harde uitroep dra dus hulle verontwaardiging omdat onreg op die aarde die waarheid kan krenk en boelie!

Hoe lank . . .

By God die almagtige Here is alles tydloos. Die *hoe lank* dui dus nie op die Here se tyd nie.

- Hoe lank beteken dat hierdie slagting alreeds vir 'n lang tyd aanhou.
- Volgens vers 11 gaan hierdie vervolging van die gelowiges aanhou tot met die wederkoms.

. . . o heilige en waaragtige Heerser . . .

Heilig beteken letterlik: *afgesonder*.

- Eerste is die Here absoluut in teenstelling met die sonde.
- In hierdie openbaring beteken dit dat Hy in baie skerp teenstelling is met die moordenaars van die ware gelowiges.

Die woorde **waaragtige Heerser** openbaar:

- Dat hulle wat reeds by die Here is (die siele onder die altaar), bely (en daarmee aan ons die boodskap deurgee!) dat die Here die Opperheerser is.
- Hy is dit in waarheid/waaragtig – dit kan nie ontken word nie.
- Die woord **Heerser** openbaar sy onbeperkte opperheerskappy.

Die presiese Griekse woord vir Heerser is **Despoot!**

In Afrikaans het dit 'n baie negatiewe betekenis, maar in Grieks beteken dit bloot dat dit iemand is met onbeperkte mag en gesag.

. . . oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?

- Die oproep van die mense by die altaar is nie net om die smaad en skande van hulle dood te herroep nie.
- Hulle oproep is veral ook dat die Here die heerlijkheid van sy almag moet laat skitter – want die wat hulle doodgemaak het, het dit juis geloën en ontken!

NB:

- Hierdie mense wat reeds in die hemel is, is dus heeltemal vertrouwd met die oordeel van die Here! Hulle uitroep is net om dit te verhaas.
- Ons besef nie altyd dat daar gebede deur mense in die hemel opgaan dat die reg van God haastig op die aarde moet geskied en die geskiedenis tot 'n einde bring nie!

Vers 11

En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees. (Openbaring 6:11 AFR1953)

Die Here antwoord die mense daar onder die altaar op hulle uitroep dat Hy moet wraak neem deur twee dinge te doen:

- Die eerste is dat daar vir hulle wit klere gegee word.
- Die tweede is dat hulle aangesê word om te rus. Hulle moet die hemelse saligheid geniet en wag totdat die Here in sy eie tyd sy raad in hierdie opsig sal uitvoer.

. . . aan elkeen van hulle is wit klere gegee . . .

Ons het wit klere al vantevore in hierdie openbaring van die Here aan Johannes raakgeloop:

Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en self om jou oë te self, sodat jy kan sien.

(Openbaring 3:18 AFR1953)

Wit klere is die teken van:

- Oorwinning
- Reinheid
- Statigheid

Die wit klere wat die mense onder die altaar ontvang, is klere van heil wat die Here Jesus Christus vir hulle verwerf.

- Dis die teken van die versoening van hulle sondes, en
 - dat hulle deel in die ewige lewe.
- Ons lees hiervan in Jesaja 61:10:

Ek is baie bly in die HERE, my siel juig in my God; want Hy het my beklee met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel—soos 'n bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele. (Jesaja 61:10 AFR1953)

Die simboliek daarvan is treffend:

- Op die aarde is hulle as verworpenes vermoor.
- By God word hulle as onskuldiges aangeneem en vereer!

Die wit klere beteken nie dat hulle hulle opstandingsliggame ontvang nie! Die opstandingsliggame ontvang ons eers met die wederkoms!

. . . aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus

Die antwoord wat aan die mense daar onder die altaar gegee word, wys daarop dat die verkondiging van die evangelie nog eers 'n tyd lank op die aarde moet voortgaan.

- Hulle moet **nog 'n klein tydjie** die saligheid in die hemel geniet –
- terwyl daar nog mense op die aarde doodgemaak moet word.

Hoe lank is die klein tydjie?

Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. (2 Petrus 3:8 AFR1953)

Want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verbyskiet, en soos 'n nagwaak. (Psalm 90:4 AFR1953)

Die klein tydjie by die Here is nie omrekenbaar in ons tyd nie. Altwee die aanhalings maak dit duidelik dat die Here in tydloosheid werk en bestaan.

. . . totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees . . .

Dis nie 'n wisselvallige hoeveelheid mense wat nog slagoffers van die ongelowiges moet word nie. Die Here verander nooit sy raad nie.

- Die Here weet presies hoeveel daar nog is wat vermoor moet word omdat hulle glo.
- Hy weet ook presies wie hulle is.

Die Here se oordeel tree eers in werking die dag wanneer die getal van die uitverkorenes vol is.

- Daardie dag kom die volle oordeel van die Here in werking oor die ongelowiges en al hulle dade.
- Dit sal 'n verskriklike oomblik vir hulle wees.

Natuurlik is dit vir die gelowiges 'n oomblik van ongelooflike heerlijkheid,

- want dan ontvang hulle nie net wit klere nie –
- hulle ontvang ook hulle liggame volmaak terug en
- die volle saligheid wat die Here Jesus Christus vir hulle verwerf het.

Vers 12-17

En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan? (Openbaring 6:12-17 AFR1953)

Die vorige seëls het die oorwinning van Christus beskryf met die oorloë en hongersnode en siektes wat daarop gevolg het, asook die weerstand wat die evangelie ondervind het.

- Met die oopmaak van die sesde seël tree die oordeelsdag in.

- Daarmee eindig die wêreldgeskiedenis.

Hierdie seël openbaar veral twee dinge:

- Die ineenstorting van die skepping.
- Die ineenstorting van die ongelowiges

Hierdie sesde seël teken hoe die hele wêreld ineenstort.

- Meteens staan die hele mensdom dan in die oordeel van God.
- Die aarde wankel, die son word swart en verloor die vermoë om lig te gee.
- As gevolg daarvan word die maan rooi soos bloed (besoedeling?).
- Om alles te vererger, val die sterre van die hemel af op die aarde.
 - 'n Geweldige sterrereën word hier beskryf, want die Here openbaar dat die sterre sal val soos wat navye afval as die vyeboom geskud word.
 - Die navye in Palestina is vye wat kort voor die winter aan die boom se stam verskyn en dan nooit ryp word nie.
 - As die winterwinde dan waai en die vyeboom skud, dan val die wintervye af. Dis nou waarmee die val van die sterre vergelyk word.

Hierdie beeld beskryf die volkome en totale ineenstorting van die hemelliggame.

- Hulle verdwyn, daarom kan hulle nie meer hulle lig gee nie.
- Dit verklaar dalk waarom vers 14 sê dat die berge verdwyn het en die eilande verskuif geraak het op die aarde.
- Die hemele rol weerskante toe op soos 'n boekrol om 'n deurgang en 'n pad te maak waardeur die Here kom.

Die hele skepping en heelal stort dus inmekaar.

- Dit moet plek maak vir 'n heeltiemal nuwe hemel en aarde.
- Die nuutheid is totaal – nuwe grondelemente, nuwe verhoudinge – nuut en glorieryk in Christus se oorwinning oor alle magte wat sleg is.

Kyk hier na tekste soos:

En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. (Openbaring 21:1-3 AFR1953)

Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — (2 Petrus 3:10-11 AFR1953)

Dit lyk asof die ineenstorting van die skepping 'n toestand skep soos wat dit was by Genesis 1 – 'n toestand van donker chaos. Kyk hier na:

En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. (Matteus 24:29 AFR1953)

Maar in daardie dae, ná dié verdrukking, sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, (Markus 13:24 AFR1953)

En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! (Lukas 24:25 AFR1953)

U moet ook daarop let dat die Here hierdie dinge al in die tyd van die Ou-Testamentiese profete voorspel het. Luister net na wat in die volgende gedeeltes voorspel word:

Voor hulle bewe die aarde, sidder die hemel; die son en die maan word swart, en die sterre trek hulle glans in. (Joël 2:10 AFR1953)

En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare. Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom. (Joël 2:30, 31 AFR1953)

Want die sterre van die hemel en sy Orions sal hulle lig nie laat skyn nie; die son is duister by sy opgang, en die maan laat sy lig nie skyn nie. (Jesaja 13:10 AFR1953)

Ek beklee die hemel met swartheid en bedek dit met 'n roukleed. (Jesaja 50:3 AFR1953)

En as Ek jou uitblus, sal Ek die hemel oordek en sy sterre verdonker; Ek sal die son met wolke oordek, en die maan sal sy lig nie laat skyn nie. (Esegiël 32:7 AFR1953)

Die ineenstorting van die ongelowiges

Van vers 15 af volg daar 'n beskrywing van wat in hierdie oomblikke in die mensewêreld gebeur.

- Alle mense voel dit, sien dit en weet dit.
- Almal erken dit ook dat die einde en God se oordeel daar is – niemand twyfel enigsins nie.
- Almal word deur angs oorval – hulle wil wegvlug.
 - Hulle probeer ook!
 - Maar hulle besef dat vlug totaal onmoontlik is.

In hulle angs en vrees roep hulle dat die berge en die rotse op hulle moet val:

. . . en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; (Openbaring 6:16 AFR1953)

- Dit gaan daaroor dat hulle wil wegkruip dat die Here Jesus hulle nie sien nie.

Die beeld sluit aan by die begin van hierdie troongesig: ***die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam.***

Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek. (Openbaring 5:5 AFR1953)

en

En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk! (Openbaring 6:1 AFR1953)

Die beeld van die Leeu en die Lam smelt saam, daarom kan die Lam toornig wees.

Die Lam het Homself juis gegee tot uitsuiwering van die sonde en tot versoening van die ware gelowiges.

- **Toorn** voltrek die oordeel oor die wat God gehaat het.
- **Toorn** en **Lam** vat inderdaad oordeel en genade saam.

Die Here Jesus se kruisdood bewerk dus die angs en verskrikking oor die skepping en oor die ongelowiges.

Terselfdertyd, met dieselfde daad, bewerk die Here Jesus Christus genade oor die gelowiges. Die woord **Lam** verklaar vanself die Christusprediking van hierdie gedeelte.

- Die woord **Lam** verwys na die Here Jesus Christus se kruisdood.
- Die mense wat in angs uitroep dat die groot dag van die Lam se toorn aangebreek het, sien hier self die eindoordeel en die straf oor die ongelowiges wat daarop volg, as die noodwendige gevolg van die Here Jesus se kruisdood.

Die oordeel vir die ongelowiges is die verlossing oor die gelowiges.

- Dit staan nie hier in Openbaring 6 geskryf nie, maar dit staan wel in die Bybel.
- Kom ons kyk na Matteus 24:29-31:

En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

(Matteus 24:29-31 AFR1953)

- Eers word daar presies beskryf wat in Openbaring 6 staan, naamlik dat die son en die maan verduister word en dat die sterre val, en dat die hemele en die aarde geskud word.
- Dan staan daar dat almal op die aarde dan die Seun van die mens sal sien kom op die wolke van die hemel. Hy kom met groot krag en heerlikheid.

Let veral op dié woorde:

En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan. (Matteus 24:29-31 AFR1953)

Lukas 21:22-28 beskryf alles dieselfde, maar voeg dan hierdie woorde daarby:

Want dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog in daardie dae; want daar sal 'n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk. En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is. En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is. (Lukas 21:22-28 AFR1953)

Let op dat vertwyfeling al die veroordeeldes aangryp!

- Hulle wil wegvlug, maar hulle besef dis onmoontlik!
- Daarom roep hulle in hulle angs die hulp van die skepping in: Die berge moet op hulle val
- Die rede is voor die hand liggend: Wanneer God in sy oordeel verskyn, stort die berge en rotse en klowe alles ineen!

- Die angsvange sondeers wil dan daarmee saam wegsink van die oordeel van die Here af weg!
- Hulle verkies hierdie geweldige vernietiging – solank die Lam hulle net nie sien nie!

Ironie!

Tydens hulle aardse lewe het hulle met God en met sy oordeel gespot – maar nou dat hulle daarmee gekonfronteer word, kan hulle dit glad nie hanteer nie!

- Toe het hulle daar niks van geglo nie – nou is die werklikheid daarvan vir hulle oorweldigend!
- Hulle totale menswees – liggaam en siel – word met angsvang en skrik vervul. Hulle spottroep word wanhoopskrete!

Alle grootheid en grootsheid van die mense is meteens weg. Alle wêreldse mag en rykdom is ook daarmee heen.

- Dit is duidelik dat dit vir hierdie mense 'n magsbasis gevorm het waarop al hulle sterkte gerus het.
- Hierdie magsbasis van hulle staan teenoor die gesag en die oordeel van God – hulle het God dus verwerp.

Dis hierdie mense wat met God gespot het en hulle nie bekommer het oor God en sy wederkoms nie.

- Nou word hulle vervul met skrik wat jy nie kan beskryf nie.
- Daarom is daar iets van 'n belydenis in hulle uitroep: Die groot dag van sy toorn het gekom! Wie kan bestaan?
- Let wel:
 - Dis nie 'n uitroep van bekering nie.
 - Ook nie van aanbidding nie.
 - Dis 'n erkenning uit wanhoop dat die ding wat hulle al die tyd ontken het, nou besig is om te gebeur.

Kyk na die *volgorde van maghebbers* wat die Here laat opnoem na die uitroep **Wie sal bestaan?**

- Eers word die hoogste maghebbers genoem:
 - Konings van die aarde (teenoor volke),
 - die grotes (politieke figure),
 - die rykes (met die geldmag),
 - owerstes oor duisend (militêre figure),
 - magtiges (invloedryke persone),
 - slawe en vrymense.
- Dis 'n veelvoudige opsomming van die mense volgens status, posisie, besittings sosiale orde.

Let op dat daar van geen enkele poging om weerstand te bied of om hulleself te handhaaf enige sprake is nie.

Teenoor al hierdie mense wat in benoudheid rondvlug, is die gelowiges – die siele onder die altaar (v.9).

Let daarop dat daar by hierdie maghebbers geen poging is om hulleself te handhaaf nie.

- Daar is ook glad nie sprake van enige teëstand teen die Here nie.
- In die angsvang en uitroepe van die ongelowiges is daar by implikasie 'n baie duidelike bevestiging dat die oordeel van God oor hulle regverdig is en glad nie onredelik nie.
- Hulle word vergeld volgens die werklikheid van wat hulle geglo en geleef het.

Die teëpool van hierdie optrede is die liefde.

- Hierdie oordeel oor die onregverdiges is juis die voltrekking van God se liefde.
- Daarom word die Here hier die Lam genoem.

Die hele aangeleentheid het dus vir ons 'n bepaalde betekenis.

- Ons verwag die einde. Ons voel baie van hierdie dinge reeds aan die lyf, en ons sien dit gebeur.
- Nou is die vraag: Hoe moet ek daarop reageer? Moet ek bang wees, of wat?

As dié dinge gebeur, moet dit jou geloof versterk.

- Want dit laat die ongelowiges besef dat die Here Jesus werklik is, en dat Hy in die hemele verskyn om sommiges te oordeel en ander te red.
- Ons moet dus doen wat die Here sê in Lukas 21: Ons moet ons koppe optel en bly wees dat die ewige lewe aanbreek, want dit beteken dat ons verlossing naby is.

Onthou die sesde seël openbaar aan ons dat daar die allerverskriklikste dinge gaan gebeur wanneer die einde aanbreek.

- Daar sal angs wees en pyn en vrees soos wat niemand nog ooit gesien of geken het nie.
- Maar by alles sien ons die Een wat die oordeel voer en ons juis met sy oordeel verlos!

Hy is die Lam wat kom. Hy kom vir ons om sy genade volmaak waar te maak.

- Hy kom om ons te verlos sodat ons die lewe op die nuwe aarde in sy volmaakte heerlijkheid kan ingaan.